Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

UIT DIE KANTOOR

'n Onbekende man het eendag in 'n uitgelese geselskap die volgende opmerking gemaak. "**Die mense wat in jou huis bly, is veel belangriker as al jou meubels en kosbaarste besittings saam**."

Hoërskool Goudini kan slegs bestaan as ons kinders gelukkig is en gekoester word. Sonder kinders en ouers het geen skool bestaansreg nie. Daarom is dit by Hoërskool Goudini van kardinale belang dat ouers en onderwysers as 'n span saamwerk aan ons kinders se toekoms.

Om kinders geleenthede te bied, te leer lees, skryf en reken is 'n groot gedeelte van ons roeping. Om kinders te begelei tot volwasse mense wat in enige gemeenskap 'n bydrae sal maak, is vir ons net so belangrik as wat leerders die geleentheid moet kry om aan sport en kultuur aktiwiteite deel te neem.

Wanneer onderwysers en ouers met kinders se toekoms werk, betree ons "heilige grond". Dit is in opdrag van God dat ons elke kind die volle geleenthede moet bied waarop hulle geregtig is.

Kom ons droom saam met ons kinders...maar belangriker, kom ons leef ons drome saam met ons kinders.

Kom ons leer ons kinders om van elke dag die beste dag ooit te maak. Dit is om te weet:

1. Dat elke nuwe dag ons die geleentheid bied om oor te begin;
2. Dat ons gesindheid teenoor die lewe die sleutel tot alles is;
3. Dat wonderwerke elke dag gebeur danksy God se genade;
4. Dat 'n oor wat luister baie meer werd is as enige woorde;
5. Dat 'n sagte hart 'n siel kan aanraak;
6. Dat 'n helpende hand iemand weer moed kan gee;
7. Dat 'n drukkie iemand weer kan laat glo;
8. Dat 'n glimlag iemand se dag kan maak;
9. Dat ons soms net iemand nodig het wat in ons glo;
10. Dat probleme op ons pad, ons kom toerus vir die toekoms;
11. Dat ouer mense se wysheid en insig goud is wat verniet uitgedeel word;
12. Dat ons nooit alleen is nie;
13. Dat dankbaarheid vreugde bring;
14. Dat die lewe 'n gawe en 'n voorreg is en;
15. Dat geluk 'n keuse is wat net onsself kan maak!

PERSONEEL VERJAARSDAE

8 April – Floris van Zyl
20 April – Marie Hanekom

MARKDAG DATUMS

22 April, 6 Mei, 20 Mei,
3 Junie, 17 Junie

FILM IN SKOOLSAAL

Die Jesus-film sal Woensdag, 13 April om 19:00 in die skoolsaal vertoon word. Almal is welkom!

PERSONEEL

Die volgende nuwe personeel het by ons aangesluit: Mev Suritha du Preez (Besigheidstudies en Verbruikerstudies) en Mev Anita van Greunen (Graad 2). Baie geluk met u aanstelling. Mag u 'n baie lang en gelukkige verbintenis met Hoërskool Goudini hê!

RUGBY

Ons speel Woensdag, 9 Maart vs Ashton Sekondêr en behaal die volgende uitslae:

o.19B - verloor 14-12 o.19A - verloor 31-13

Die o.19A-span speel Saterdag, 12 Maart teen Hoërskool President en wen 24-12. Ons is baie trots op hierdie puik prestasie!

SPORTDAG UITSLAE

Ons jaarlikse sportdag het Saterdag, 12 Maart te Hoërskool Goudini plaasgevind. Vanjaar het slegs o.11, en o.13 spanne deelgeneem. Die dag was, soos gewoonlik, 'n groot sukses en die volgende uitslae is behaal.

o.13 rugby
Wen teen Grabouw 14-0
Verloor teen Bredasdorp 7-12
Wen teen Fanie Theron 35-7
Verloor teen Gericke 20-12
Wen teen Villiersdorp 19-0

Speel in die semi-finaal teen Gericke en wen 14-10.
Ons verloor egter in die finaal 0-35 teen Bastion.
Die speler van die dag was Siphosethu Bantubathi.

o.11 rugby
o.11A - 1 wedstryd gewen en 2 verloor
o.11B - 3 wedstryde verloor

o.13 netbal
3 wedstryde gewen en 2 verloor

KWARTAALPROGRAM – 2de KWARTAAL

05/04/2016	Dinsdag	Skole heropen
09/04/2016	Saterdag	R&N vs Hexvallei (weg)
14/04/2016	Donderdag	R&N vs De Tuinen (LS) (tuis)
16/04/2016	Saterdag	R&N vs Montana (weg)
21/04/2016	Donderdag	R&N vs DVG (LS) (tuis)
23/04/2016	Saterdag	R&N vs DVG (HS) (tuis)
27/04/2016	Woensdag	Rugby o.18 proewe vs Swellendam 27 April @ Drostdy; ***Vryheidsdag***
28/04/2016	Donderdag	R&N vs Victoriapark (LS) (weg)
29/04/2016	Vrydag	***UITNAWEEK***
01/05/2016	Sondag	***Werkersdag***
02/05/2016	Maandag	***Publieke vakansiedag***
05/05/2016	Donderdag	R&N vs Worcester-Oos (LS) (weg)
07/05/2016	Saterdag	R&N vs Franschhoek (tuis)
11/05/2016	Woensdag	R&N vs De Kruine (HS) (weg)
12/05/2016	Donderdag	R&N vs Esselenpark (LS) (weg)
13/05/2016	Vrydag	***UITNAWEEK***
14/05/2016	Saterdag	FD Conradie Sportdag (weg)
19/05/2016	Donderdag	R&N vs Roodewal (LS) (tuis)
21/05/2016	Saterdag	R&N vs Tulbagh (tuis)
24/05/2016	Dinsdag	R&N vs Hexvallei Sekondêr (HS) (weg)
27/05/2016	Vrydag	***UITNAWEEK***
28/05/2016	Saterdag	R&N vs FDC / JvR (weg)
03/05/2016	Vrydag	***UITNAWEEK***
04/06/2016	Saterdag	Junior Primêre Sportdag (tuis)
10/06/2016	Vrydag	***UITNAWEEK***
15/06/2016	Woensdag	***UITNAWEEK***
16/06/2016	Donderdag	***Jeugdag***
17/06/2016	Vrydag	***Skool vakansiedag***
24/06/2016	Vrydag	Skole sluit

ASSESSERING KWARTAAL 2

GRAAD 4	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Luister en praat; Hardop lees Taalstruktuur; Skryf Begripstoets; Refleksie Eksamen
Engels	Listening and speaking Reading; Language tests Reading comprehensions Reflection; Essays; Exam
Wiskunde	Toets; Eksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen

GRAAD 5	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Luister en praat; Hardop lees Taalstruktuur; Skryf Begripstoets; Refleksie Eksamen
Engels	Listening and speaking Reading; Language tests Reading comprehensions Reflection; Essays; Exam
Wisk	Toets; Eksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen

NW	Taak Eksamen
LV	LO prakties; Projek; Eksamen

NW	Taak Eksamen
LV	Eksamen; Prakties taak; LO taak

GRAAD 6	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Luister en praat; Hardop lees Taalstruktuur; Begripstoets Skryf; Refleksie; Eksamen
Engels	Listening and speaking Reading; Language tests Reading comprehensions Reflection; Essays; Exam
Wiskunde	Toets; Eksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen
NW & Tegnologie	Taak (prakties); Eksamen
LV	PSW: Toets; LOT: Klas Skeppende Kunste: Visuele of uitvoerende kunste

GRAAD 7	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Mondeling; Letterkunde Eksamen
Engels	Luisteroefening; Lees roman Eksamen
Wiskunde	Toets; Ondersoek; Junie eksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen
NW	Prakties; Kwartaaltoets Eksamen
LO	Halfjaareksamen; LOT: Klas
EBW	Gevallestudie; Halfjaar eksamen
Tegnologie	Praktiese taak; Toets
Skeppende Kunste	Drama: Loopbane (onderhoud 2 in ‘n groep) + toets Visuele kuns: Navorsingstaak – plaaslike kunsvlytentoesias

GRAAD 8	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	1 x mondeling; 1 x skryfstuk Eksamen
Engels	Paneelbespreking; Geskrewe onderhoud; Eksamen
Wiskunde	Toets; Ondersoek; Eksamen
EBW	Projek; Halfjaareksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen
LO	Eksamen; LOT
SK	Prakties; Klastoets
Tegnologie	Taak; Toets
NW	Prakties; Kwartaaltoets Eksamen

GRAAD 9	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	1 x mondeling; 1 x skryfstuk Eksamen
Engels	1 x oral; 1 x writing; Exam
Wiskunde	Toets; Ondersoek; Eksamen
SW – Aard	Taak; Eksamen
SW – Gesk	Taak; Eksamen
LO	Eksamen; LOT
EBW	Datarespons; Halfjaareksamen
Tegnologie	Taak; Toets
NW	Prakties; Kwartaaltoets Eksamen
Skeppende Kunste	Drama: Gedig voordra Visuele kuns: Skep 2D logo Halfjaareksamen

GRAAD 10	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Mondeling; Toespraak Letterkunde; Eksamen: taal en letterkunde
Engels	Oral; Writing; Exam
Wiskunde	1 x toets / opdrag; 2 x eksamen vraestel
WG	Werksopdrag; Toets; Eksamen
LO	Eksamen; LOT
Siviele Tegnologie	Halfjaarlikse eksamen Werktekeninge
Fisiese Wetenskappe	1 x eksperiment

GRAAD 11	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Mondeling: toespraak Literêre opstel Eksamen: taal en letterkunde
Engels	Oral Writing Exam
Wiskunde	1 x toets / opdrag 2 x eksamen vraestel
WG	Werksopdrag Toets Eksamen
LO	Halfjaareksamen LOT
Siviele Tegnologie	Halfjaarlikse eksamen Werktekeninge
Fisiese Wetenskappe	1 x eksperiment

	2 x eksamen vraestel
RTT	1 toets 1 eksamen bestaande uit 2 vraestelle: 1 teorie & 1 prakties
Geografie	Taak; Eksamen
NW	Prakties; Kwartaaltoets Halfjaareksamen
Besigheidstudies	2 klastoetse; 1 kontrole toets 1 projek; Eksamen
Verbruikerstudies	Kontroletoets; Teorie eksamen 3 Praktiese takel Praktiese eksamen 1

	2 x eksamen vraestel
RTT	1 toets 1 eksamen bestaande uit 2 vraestelle: 1 teorie & 1 prakties
Geografie	Taak; Eksamen
NW	Prakties; Kwartaaltoets Halfjaareksamen
Besigheidstudies	2 klastoetse; 1 kontroletoets 1 projek; Eksamen
Verbruikerstudies	Kontroletoets; Teorie eksamen 3 praktiese take; Praktiese eksamen 1

GRAAD 12	
VAK	**KWARTAAL 2**
Afrikaans	Literêre opstel Mondeling: toespraak Eksamen: taal en letterkunde
Engels	Voorbereide lees; Voorbereide toespraak; Letterkunde toets Junie eksamen: 1, 2, 3
Wiskunde	1 x toets / opdrag; 2 x eksamen vraestel
WG	Werksopdrag; Eksamen
LO	Navorsingstaak; Prakties Eksamen
Siviele Tegnologie	Halfjaarlikse eksamen Werktekeninge
Fisiese Wetenskap	1 x eksperiment; 2 x eksamen vraestel
RTT	1 toets; 1 eksamen bestaande uit 2 vraestelle: 1 teorie & 1 prakties PAT
Geografie	Taak; Eksamen
NW	Prakties; Kwartaaltoets Halfjaareksamen
Rekeningkunde	Projek; Halfjaareksamen
Besigheidstudies	2 klastoetse; Kontroletoets Projek; Eksamen
Verbruikerstudies	Kontroletoets; Teorie eksamen 3 praktiese take; Praktiese eksamen 1

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
8 April 2016